# H O O F S T U K VI.

## DIE ONDERWYS OP OHRIGSTAD EN LYDENBURG.

### 1. Historiese Agtergrond.

#### (a) Die Aanleg van Ohrigstad.

Na die neerlaag by Italeni in April 1838, het Potgieter finaal sy oë van Natal afgewend en met sy „vlugkommando" na Transvaal teruggekeer waar hy teen die einde van 1838 Potchefstroom aangelê het.[1]

Boonop is hierdie eertydse Trekker-Republiek, Natalia, in 1843 deur Engeland geannekseer.[2] Natal was vir die Trekkers verlore. Selfs nie eers 'n onderwyser en predikant vir die Trekkers bestem, sou toegelaat word om in Natal voet aan wal te sit nie.[3] „Van Natal had men te dien opzichte niets meer te hopen, dus moest men voor dat doel 't oog op Portugal vestigen, dat van de Mapoetarivier tot ver naar het noorden 't oostelike kustland in bezit had genomen. 'n Haven aan de kust van Delagoabaai was Potgieters verlangen."[4]

Ook Smellenkamp het hom na Delagoabaai gewend om met die Trekkers in aanraking te kom, nadat hy in Port Natal gelas is om die see te kies.[5]

Hier in Delagoabaai het Smellenkamp vir Potgieter aangeraai om hom te vestig ten Noorde van die 26ste graad Suiderbreedte en nader aan die kus, sodat hy buite die grense van die Britse invloedsfeer sou wees.[6] Dan sou met die Portugese 'n handelsverbinding daar gestel word en met

Holland ook/..

---

1. Kruger, t.a.p., 90.
   Van Zyl: Die onderwysgeskiedenis van Lydenburg en Distrik voor 1900.
   Potgieter en Theunissen, t.a.p., 136.
2. Vgl. Hoofstuk III.
3. Preller: Andries Pretorius, 280.
4. Preller: Voortrekkermense III, 53. Herinneringe van H.J. Potgieter.
5. Vgl. Hoofstuk III.
6. Preller, t.a.p., 134.

Holland ook 'n geestelike en handelsverbinding bewerkstellig word.[1)]

Smellenkamp sou terugkeer - Holland sou die Boere nie vergeet nie.

In die Potchefstroomse gebied het Potgieter onrustig begin word. As gevolg van die „Cape of Good Hope Punishment Bill," kon die Engelse rokies op die gesigseinder gewaar word.[2)]

Hy het hom tot sy mense gewend en hulle gevra om hom te volg na 'n plek wat minder vrugbaar is, maar beter sou wees vir die onafhanklike gemeenskap. „So dan vriende en broers, oorweeg u sake en kies die beste - en kom. En as U.Ed. besluit om te bly waar u tans is, moet ons U.Ed. bekend maak dat alhier te Potchefstroom, vanaf die dag wat ons versit, geen Raadsvergadering meer sal sit nie."[3)]

Aan Sir Harry Smith het Potgieter later geskryf dat hulle met die hulp van die Almagtige sal trek totdat hulle 'n plekkie grond vind waar hulle vry sal kan woon.[4)]

In 1845 is Potchefstroom aan landdros J.A. Visagie oorgedra, die swepe het begin klap en 'n groot deel van die „Potchefstromers" het vir Potgieter gevolg in 'n Oostelike rigting.[5)]

Hierdie trek moes in menige geval per slee geskied omdat die mense geen waens meer gehad het nie.[6)] Hierdie armoede is in Oostelike Transvaal

vererger/.....

---

1. Kruger, t.a.p., 92.
2. Preller, t.a.p., 141.
   Van der Walt, Wiid en Geyer: Gesk. van S.A., Deel 1, 330.
3. R. 120/47
4. R. 158/48.
5. Kruger, t.a.p., 94.
6. Preller, t.a.p., 315.

vererger en sou ook die onderwys nadelig beïnvloed.

Die Trek na Oostelike Transvaal is versterk deur 'n aantal mense uit die Vrystaat en Natal, onder wie ook Jacobus J. Burger, wat later met Potgieter in botsing sou kom.[1)]

In Junie-Julie 1845 het die Trek aangeland op 'n plek binne enkele dagreise (160 myl) vanaf Delagoabaai, waar 'n dorp aangelê is met die naam Andries Ohrigstad, so genoem na Andries H. Potgieter en die Amsterdamse koopman, G.G. Ohrig, wat reeds veel gedoen het om die betrekkinge tussen Nederland en die Emigrante in stand te hou.[2)]

Die gebied waarop Ohrigstad aangelê is, is van Masoas, koning van die Swasies, vir honderd aanteelvee geruil.[3)]

Die plek waarvan so baie verwag is, het egter erg teleurgestel. Van die handel met die Portugese het weinig tereg gekom. Die Portugese was stuurs en deur 'n dodelike ringmuur van tsetse-vlieë van die Emigrante afgesny. Smellenkamp en Holland het nie aan die grootse verwagtinge van die Trekkers voldoen nie. Onderlinge twis tussen die Potgieter- en Burgergroepe het byna tot wapengeweld gelei. Die kafferstamme was vyandig en Ohrigstad besonder kwesbaar. Algemene mismoedigheid het die Trekkers oormeester en baie het begin terugtrek na die Potchefstroomse gebied.[4)]

Potgieter se invloed in Ohrigstad het begin kwyn/.......

---

1. Kruger, t.a.p., 94.
2. Kruger, t.a.p., 95.
   Walker: The Great Trek, 333.
3. Worst: Die Gemeente Lydenburg na Vyf-en-Sewentig jaar 1850-1925,13.
4. Kruger,t.a.p., 103.

kwyn. Hy het sy hoop begin vestig op beter handelsbetrekkinge met Inhambane vanuit Zoutpansberg en aan die begin van 1848 Ohrigstad verlaat en sy laaste trek na die Zoutpansberge aanvaar.[1)]

Vir die agterblywendes was die vertrek van Potgieter 'n ramp. Hulle was weinig in getal en het hulle glad nie veilig teenoor die naturelle gevoel nie.

b. Die Aanleg van Lydenburg:

Die koorsgeteisterde Ohrigstad kon nie aan sy doel as hoofdorp beantwoord nie. Op 20 September 1849 is dan ook deur die Volksraad besluit om 'n dorp met die naam Lydenburg in die Ohrigstadse gebied aan te lê.[2)]

Dit het gelei tot die stigting van 'n dorp „ dat de naam verkreeg van het lyden aan de gele koorts, door onze landgenoten te Ohrigstad doorgestaan. Het is van deze plaats (Ohrigstad) vier uren zuidwaarts en heeft het voordeel van eene gezonde ligging."[3)]

Ohrigstad het nou snel afgeneem in betekenis, terwyl Lydenburg langsaam gegroei het.

In 'n brief aan Prof. Lauts gedateer 8 Augustus 1854, het Ds. van der Hoff hierdie nuwe stigting as volg beskryf:[4)]

„Lydenburg is een ellendig nest; 10 na 12 huizen of liever hutten, ter nouwernood voor de helft/.....

---

1. Kruger, t.a.p., 103.
   Van der Walt, Wiid en Geyser, t.a.p. 331.
2. Van Zyl, t.a.p., 6.
   Goldman - Transvaal Archief: Beredeneerde Inventarisse van de Oudste Archiefgroepen der Z.A.R., Lydenburg 1856 - 1860, 36.
3. Spoelstra, t.a.p., 117.
4. Engelbrecht, t.a.p., bylae XXXVII.

helft bewoond, van hier byna ongenaakbaar door hoge klipperige bergruggen; enfin een nest, dat even als Ohrigstad schynt opgegeven te zullen worden."

Vanaf sy aanleg het Lydenburg deel uitgemaak van die ,,Vereenigde Bond", maar staatkundige en kerklike verskille met die Z.A.R. het daartoe gelei dat op 16 Desember 1856 van die Z.A.R. afgeskei is.[1] Op 17 Desember 1856 is 'n nuwe republiek gebore, wat op 11 Maart 1857 amptelik geproklameer is tot „ De Republiek Lydenburg in Zuid-Afrika."[2]

Op staatkundige, kerklike en onderwysgebied het Lydenburg sy eie gang gegaan. Maar na 'n kortstondige, dog stormagtige bestaan van vier jaar, 'n bestaan gekenmerk deur kerklike en staatkundige twiste waarin die Hollanders, Smellenkamp en Bührman, geen geringe rol gespeel het nie, het die Republiek van Lydenburg op 4 April 1860 opgehou om te bestaan en deel geword van die Z.A.R.[3]

2. Die Kerklike ontwikkeling op Lydenburg.

Die fondament van die eerste kerkgeboutjie op Ohrigstad was reeds voltooi toe die verhuising na Lydenburg plaasgevind het.[4]

Onmiddellik na die nuwe aanleg op Lydenburg is daar egter weer 'n kollektelys in omloop gebring ,,om op het nieuwe dorp een gebou op te richten alwaar Christelike Gereformeerde Godsdienst/......

---

1. Goldman, t.a.p., 36.
2. Ibid.
3. Goldman, t.a.p., 36.
4. Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, 240.

dienst kon worden uitgeoefend."[1]

Vanaf 1850 het predikante van die Kaapse Kerk ook hierdie gemeente met tussenposes besoek, groot getalle kinders gedoop en lidmate aangeneem.

Na so 'n herderlike besoek in April 1852 het Ds. J.A.Roothling die toestand hier as volg beskryf:

„Zy is zeer arm, en gering is bovendien de eenheid en samewerking, en toch staan daar voor u die hechte, reeds ter balkshoogte gebouwde muren eener kerk, die, luchtig en ruim en niet van schulden beswaard omhoogd ryst en wellich nu (April 1853) reeds is bedekt. Die Gemeente Lydenburg is zeer afgelegen, en heeft weinige middelen van beschaving, zoodat zy ook de overge-erfde en medegebragte verliesen kon; maar komt met my ter catechisatie en ziet hunne jongelieden eene kennis der Schrift aan den dag leggen, die zelfs menigen bovelandschen jongelingen niet euvel zou staan; of, naar de vergadering van den Kerkeraad, en ziet de orde, het heldere bewustzyn van roeping en pligt by elk der leden - en ik ben verzekerd, dat gy u over dit alles met my verwonderen zult."[2]

Maar die Smellenkamp- van der Hoff-twiste, wat 'n hoogtepunt bereik tydens die Algemene Kerkvergadering op 5 Junie 1854 op Rustenburg, het vir Lydenburg besondere gevolge ingehou.[3] Dit het nie 'n twis gebly tussen twee individue nie, maar

daartoe/.....

1. Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, 240.
2. Spoelstra, t.a.p., 119.
3. Vgl. Hoofstuk V.

daartoe gelei dat die Lydenburgers 'n geheel afsydige houding ingeneem het teenoor die res van die Oorvaalse gemeenskap, en op kerklike en staatkundige gebied afgeskei het.

Op 31 Augustus 1854 het die Kerkraad van Lydenburg besluit om van die kerklike organisasie van die Z.A.R. af te skei[1] en Ds. van der Hoff afgedank. Van Smellenkamp het hulle die versekering gekry dat hulle deur middel van die Geestelike Kommissie van Amsterdam 'n predikant kon beroep.[2] Op 8 November van dieselfde jaar is 'n brief aan die Kaapse Sinode geskryf waarin gevra is om onder daardie Sinode te staan.

Die gevolg was dat „Lydenburg, dat zich in het Kerkelyke meer aan de (Kaapse) Synode hield, werd bediend door leeraren onder de Synode, terwyl de predikant, die uit's lands kas onderhouden en officieel door den Volksraad erken werd (Ds.v.d. Hoff), door de Lydenburg gemeente ,bedankt' was."[3]

Onderlinge kerklike onenigheid soos hierdie en veral ook politieke onenigheid, het verhoed dat 'n gangbare onderwysstelsel vir die hele Oorvaalse gebied in die lewe geroep kon word en dit was, soos in die volgende paragraaf sal blyk, die kerk wat die mate van onderwys wat daar was, aan die gang gehou het.

Die Onderwys/........

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 105.
2. Wichman, t.a.p., 157.
3. Cachet: De Worstelstryd der Transvalers, 325.

3. Die Onderwys op Ohrigstad en Lydenburg tot 1852.

Oor die onderwys in hierdie eerste pioniersjare is min oorspronklike gegewens beskikbaar in die staatsargief op Pretoria en in gepubliseerde bronne uit daardie tydperk.

Hierdie gebied, waarop soveel hoop gevestig was, waarin soveel leed gely is, was woes, leeg, onbewerk en ongesond. 'n „Ellendig nest" omring deur gevare, 'n plek van staatkundige en kerklike twiste, 'n plek wat ook op onderwysgebied eerlank sy eie gang sou gaan.

Tot 1851 was die onderwystoestande in hierdie gebied grootliks dieselfde as in die res van die Oorvaalse gebied. Daar was haas geen tyd of geleentheid en geen organisasie vir enige langdurige verstandelike opvoeding nie. Dit was 'n stryd om die bestaan self. Vir onderwys om die onderwys self was daar nòg tyd, nòg behoefte, nòg geleenthede.

Soos elders in die Oorvaalse gebied was die behoefte aan onderwysers en predikante groot. Op 27 Julie 1848 rig die Volksraad 'n brief, waarin hierdie toestand duidelik blyk, aan die Hollandsche Handel- en Reedery Maatschappy te Vlaardingen. Dit is 'n smeekbede van „ de verarmde, reeds 12-jarige zwervende Emigranten."

Hulle vind hulle „ verregaande bedrogen" deur Smellenkamp en „ reeds drie jaren zonder eenig bestaan van handel, ontbloot van den openbare Godsdienst, onze kinderen ongedoopt, onze jongelingen en jonge dochteren niet ingelyfd als leden van Godskerk, dus in eene allerbeklagenswaardigen staat.

Een leeraar is de voornaamste behoefte omtrent onze zedelyke aangelegenheden, goede onderwyzers

voor de/....

voor de jeugd zyn even noodzakelyk"[1]

In die begin van September 1848 het „ iemand, die bekwaam en instaat was, de Hollandsche Afrikanen, de oude, zowel als de jonge, te onderwyzen en voor te lichten," in Ohrigstad aangekom. Dit was H.T. Bührman, 26-jarige swakgeskoolde kantoorkneg van Holland.[2]

Hy is deur die Volksraad as onderwyser goedgekeur en onder die immigrante in die Noord-Ooste geplaas, maar as hy onderwys gegee het, sou dit nie vir veel langer as 'n week kon gewees het nie, soos blyk uit 'n brief wat hy op 28 Februarie 1849 vanaf Magaliesberg aan Ds. J.E. de Voogt van Amsterdam skryf:

„Ik ben nu zes maanden alhier onder deezen menschen, en ik kan U.Ed met waarheid zeggen, ik nog geen enkelen penning verdiend heb, ook heb ik nog niet een vaste wooning, en weet ook evenmin waar het beste is, ik my vestigen zal, dan ben ik aan het eene, dan aan het andere einde des lands."

Dit doen die heer Bührman nie om skool te hou nie maar om „eensgezindheid en vrede onder elkander (te bewerkstellig) en ik kan zeggen het gebouw is voltooid en spoedig zal ik kunnen rusten. Nooit kon ik denken dat ik tot zulk een werk geroepen zou worden, maar zwaar valt het my niet."[3]

Miskien het hy dit in sy jeugdige entoesiasme goed bedoel, maar spoedig sou hy hom by 'n groot gedeelte van die bevolking gehaat maak deur sy

ongevraagde/.....

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, bylae VII.
2. Vgl. Hoofstuk III.
3. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, bylae X.

ongevraagde inmenging in die sake van die Emigrante.[1] Hy, gerugsteen deur Smellenkamp, sou verantwoordelik wees vir die begin en kern van 'n Hollander-oorheersing en Hollanderhaat, 'n saak wat 'n diepe invloed sou uitoefen op die ontwikkeling van die onderwystoestande in die Z.A.R. gedurende die volgende halwe eeu.[2]

Vir die onderwys was hierdie ēerste sg. onderwyser van Holland geen aanwins nie, nòg in Lydenburg, nòg elders in die Republiek, inteendeel sou die kantoorkneg-vredemaker veel bydra om sake te vertroebel.[3]

Soos elders in Transvaal, was dit vir hierdie pioniers van die Ohrigstad-Lydenburg-gebied, nie moontlik om enige georganiseerde vorm van onderwys daar te stel nie. Maar te midde van staatkundige woelinge wat byna tot burgeroorlog gelei het, sou hulle steeds, hoewel op eenvoudige manier, die Voortrekker-doelstelling van die onderwys, nl. lidmaatskap van die kerk, nastreef.

In die reisverslag van Ds. A. Murray Jnr. wat in 1849 'n besoek aan die Ohrigstad-Lydenburg-gebied gebring het, lees ons:

„De stad Ohrigstad, met het omliggende lage boschveld, is geheel verlaten, wegens de verderfelyke ziekte, die zoovelen gedurende de twee vorige jaren ten grave had doen dalen. Degenen die in deze gewesten waren, zyn allen naar het hoogeveld uitgetrokken, alwaar het meer gezond, ofschoon niet zoo vruchtbaar is, als in de nabyheid van Ohrigstad."

Omtrent 200 mense was teenwoordig by die dienste, dog die/.....

---

1. Preller: Andries Pretorius, 387.
2. Lugtenburg, t.a.p., 34.
   Preller, t.a.p., 386.
3. Van Zyl, t.a.p., 20.

dog die dienste was nie goed bekend gemaak nie „zoodat er nog meer kinderen ongedoopt zyn gebleven, dan er gedoopt zyn, wier getal in deze plaats 70 was. Na viermalen het woord verkondigd te hebben, en 12 jongelingen als leden der Kerk te hebben aangenomen en voorgesteld, keeren wy terug."[1)]

Die vraag is nou: wie het hierdie „ jongelingen" voorberei vir die kerklike aanneme, waarvoor dit nodig was om die Bybel te kan lees?

Rondgaande onderwysers was skaars. Die name van slegs J.Holberg, M. Hendrikse en A.F. Jansen is bekend, maar eersgenoemde het reeds in 1848 saam met Hendrik Potgieter na Zoutpansberg vertrek.[2)]

Die enigste gevolgtrekking waartoe ons kon geraak, is dat ook hier, soos elders, die ouers self met die Bybel miskien as enigste leesboek, die jeug gered het van analfabetisme.

In sy „ Geskiedenis van die Lydenburgse Gemeente"[3)] vertel Worst dat hierdie gemeente nog altyd sonder plaaslike godsdienstige leier of onderwyser was, behalwe dat die ouderlinge gereeld in hulle wyke by Godsdiensoefeninge voorgegaan het en dat ouers deur middel van die Bybel hulle kinders geleer het.

„ Een ou vader," so verhaal Ds. Worst, „ vertel ons nog onlangs hoe in die huis van sy ouers iedere kind elke aand en elke môre, na en voor die son, 'n hoofstuk van die Bybel moes deursukkel om so te leer lees."[4)]

Maar die uitkoms vir Lydenburg was nie ver nie.

Die onderwys/.....

---

1. Speolstra, t.a.p., 90.
2. Vgl. Hoofstuk II.
   Van Zyl, t.a.p., 79.
3. Worst, t.a.p., 16.
4. Ibid.

4. Die Onderwys op Lydenburg 1851 - 1858.

Die ontwikkelingsgang van die onderwys in Lydenburg was baie verskillend wat betref bestuur en kontinuïteit, van die verloop van sake in Potchefstroom, Rustenburg, Pretoria en Zoutpansberg. Alhoewel Lydenburg kerklik in 1854 en staatkundig in 1857 afgeskei het, kan ons die afskeiding op die gebied van onderwys feitlik al in 1851 stel.

Na die aankoms van die drie onderwysers, J.W. Spruyt, H. v.d. Linden en W. Poen, sou hulle voorlopig verplig wees om al drie op Lydenburg te bly. Die eersgenoemde twee, uitgestuur deur Prof. U.G. Lauts, moes hulle by die Volksraad aanmeld. Hulle het hulle voorlopig tot die Kommissie-raad van Lydenburg gewend, wat as volg hieroor genotuleer het:[1)]

„ Door de Heer H. v.d. Linden en J.W. Spruyt voor den Weled. Kom. Raad gebracht twee brieven van aanbeveeling van den W.Ed. Heeren Gebs. Heemskerk, J.C.J. Knegt en H. Weimar ten Cate, en welken brieven den W.Ed. Raad verzoeken om aan de genoemde heeren.....vaste standplaatsen op den dorpen te verschaffen tot het oprichten van vasten scholen en Godsdienstoefening. Den W.Ed. Kommissie Raad is overeengekomen dat het op dit oogenblik voor W.Ed. onmooglyk is om hierop een vasstelling te maken en zy zich verplicht zien om voorlopig dezen zaak uit te stellen, en eerst te onderzoeken of men begerig is buiten dit distrik om vast schoolonderwys onder zich te verkrygen, onder bestuur der W.Ed. Volksraad."

Vervolgens is die twee onderwysers verwys na die

Volksraad/.....

---

1. Notule Commissie Raad, Lydenburg 27 Nov. 1851 art. 6.

Volksraad wat op 12 Januarie 1852 op Rustenburg sou sit.

Hoewel daar voortdurend onderwysers aangevra is,[1] is dit duidelik dat die Kommissieraad geen idee gehad het wat om nou met die onderwysers, noudat hulle gekom het, aan te vang nie. Hulle was selfs nie seker of die Emigrante begerig sou wees om „ vast schoolonderwys" te hê nie.[2] Die idee van onderwys deur die ouers, soms bygestaan deur 'n rondtrekkende onderwyser om in drie maande die kinders gereed te kry vir kerklidmaatskap, het blykbaar diep wortel geskiet in die pioniers-gemeenskap.

Intussen het die Lydenburgers die swakgekwalifiseerde, maar die ernstigste, bedaardste en oudste onderwyser vir hulle uitgesoek, nl. Willem Poen.[3]

„ By zyn aankomst, die den uitgewekenen tot groote vreugde strekte, werd hy door enen ouderling hier en daar rondgeleid, en zoo groot is het verlangen naar prediking des Evangelies, dat men hem in vele huisgezinnen dringend verzocht, een woord tot stichten te spreken, waaraan hy, zich op zoodanig arbeid reeds op de langdurige reize voorbereid hebbende, gaarne voldeed. Met algemeen goedvinden is hem voorts de betrekking van onderwyzer in de Hoofdplaats Lydenburg opgedragen, aan welken post tevens by voorraad verbonden is, dat hy daar te plaatse in de Godsdienstoefeninge voorgaat, en elke drie maanden eene rondreize doet, om ook, op meer verwyderde plaatsen op te treden."[4]

Wat van/.......

1. Vgl. Hoofstuk III.
2. Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1920, bylae XXXV.
3. Lugtenburg, t.a.p., 57.
   Van Zyl, t.a.p., 22.
4. Spoelstra, t.a.p., 142-143.

Wat van die skool moes word, solank meester Poen sy rondreise doen, word nie gemeld nie.

So is Willem Poen dan in 1851 deur die Lydenburgse Kerkraad in diens geneem as onderwyser, voorleser en oefenaar en deur middel van skoolgeld betaal. Hiermee was die eerste skool van blywende aard in die Oorvaalse gebied opgerig.

Daar was egter min kinders want die dorpie was klein.[1] Ook het die kinders gou „volleerd" geraak, met die gevolg dat die onderwyser se salaris begin krimp het.[2]

As godsdiensonderwyser en oefenaar het die mense hom egter met baie eetware en dgl. voorsien.[3] Tenspyte hiervan het hierdie eerste, opgeleide onderwyser in Transvaal 'n sukkelbestaan gevoer.

Die skool op Lydenburg sou 'n besondere gang gaan. Nooit staatskool van die begin af nie, was hy later selfs ook onder die kontrole van die kerk uit en geheel 'n private onderneming.[4]

Poen het sy werk met toewyding gedoen soos blyk uit die reisverhaal van Ds. J.H. Neethling na aanleiding van sy besoek aan Lydenburg in Maar 1852.
„ Slechts sinds eenige weken mag zich het dorp verheugen in het bezit van eenen onderwyzer, in den Heer Poen, die met goed gevolg, een dagschool en catechisatie had geopend. Het strekt my tot genoegen te mogen verklaren, dat de jongelieden, door hem maar gedurende eenen zoo korten tyd onderwezen, bykans aan al myne vorderingen tot het lidmaatschap beantwoorden.

En ik/......

1. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, bylae XXXVII.
2. Van Zyl, t.a.p., 22.
3. Notule van die V.R. Rep. v. Lydenburg, 12.10.1858, art.12.
4. Van Zyl, t.a.p., 23.
   Lugtenburg, t.a.p., 58.

En ik weet, dat dit getuigenis, mogt dezelve ooit den WelEerwaarde Broederen te Amsterdam ter oore komen, die hem hebben aangemoedigd en ondersteund tot zyne komst herwaarts, H.W.E. eene aanvanklyke vergoeding zyn zal, voor de liefdedienst aan gindsche gemeente bewezen."[1]

Tydens dieselfde besoek op 25 Maart 1852, is 'n Kerkraadsvergadering gehou onder voorsitterskap van Ds. A. Murray en die volgende oproep gedoen: „ Door de Voorzitter wordt den kerkeraad voorgehouden de noodzakelykheid den voor eenige tyd uit Holland hier aangekomen onderwyzer, den Heer Poen, zoo krachtig mogelyk te ondersteunen in zyn werkzaamheden ter opvoeding der jeugd en in het houden van de openbare Godsdiensoefeningen op de Zondagen...... Er word voorgesteld en na eenige bespreking aangenomen, den Heer Poen een jaarlyksche toelaag van £15 (vyftien pond sterling) te geven voor zyne Sondagdiensten als voorlezer en cateschisatiemeester, blyvende 't egter de kerkeraad voorbehouden de godsdiensoefeningen en mits dien de betaling van genoemde som, indien nodig, te staken, en den heer Poen de vryheid om voor zyn Catechisatie gedurende de week een retributie naar goed vinden te nemen."[2]

Verder sê die besoekende leraar in sy reisjoernaal: „ De muren (van die kerk) waarin bykans balkenshoogte en thans, voor deze gelegenheid met rieten gedekt. In de nabyheid staat de school, die ons voor enige dagen als woning zoude dienen."[3]

(Die geboutjie/...

---

1. Spoelstra, t.a.p.,119.
2. Worst, t.a.p., 17.
3. Spoolstra, t.a.p., 119.

(Die geboutjie wat vandag nog te Lydenburg as die ou kerkie gehuldig word, is nie die eerste kerkgebou nie, maar wel die skoolgebou.)[1]

In vergelyking met Potchefstroom en Rustenburg moes die Lydenburgers dus gou hulle skoolgebou gereed gehad het. Meester Poen, wat hom nie ingemeng het met politieke en kerklike twiste soos sy kollegas, van der Linden en Spruyt nie, sou tot 1859 ook rustig met sy werk voortgaan. Min is van hom gehoor, maar hy het stilweg sy pligte deeglik nagekom en vir Lydenburg in hierdie moeilike jare groot dienste bewys.

,, Immer bestond er reeds op iedere kolonie, nl. Potchefstroom of Mooirivier, te Rustenburg en Lydenburg, een goede dorpschool, zoodat de kinderen uit de omstreken in de gelegenheid waren, dagelyks geregeld onderwys te ontvangen, zoodat men billik kan verwachten, dat een groot gedeelte van het opkomende geslacht, reeds merkelyk boven de thans zoo geringe beschaving en verlichting zou uitblinken," so skryf J. A. Spruyt, onderwyser op Rustenburg in hierdie tyd aan Prof. Lauts.[2]

Die koms van Ds. v.d. Hoff, die eerste predikant vir die Oorvaalse gemeentes, het ook vir die onderwys op Lydenburg betekenis gehad. Toe hy as konsulent van die gemeente, in Februarie 1854 Lydenburg besoek het, was een van sy eerste dade, soos tevore op Potchefstroom en kort daarna op Zoutpansberg, die reorganisasie van die onderwys. Op 'n kerkraadsvergadering van 13 Februarie 1854 is onder invloed van Ds. v.d. Hoff besluit om ,, aan de Heer Poen, als onderwyzer alhier te waarborgen een jaarlyksche tractement van/....

1. Van Zyl, t.a.p., 24.
2. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, bylae XXXIX.

van acht honderd ryksdaalders uit te betaalen door de Br. Kassier-diaken, kwartaalsgewyse uit de Kerkkast."[1] Vir die skryfwerk wat Poen vir die Kerkraad gedoen het, het hy 'n klein vergoeding gekry. Vir die aflees van die geboóie het hy een riksdaalder per paartjie gekry.[2]

Terwyl die politieke en kerklike twiste, veral vanaf 1854, sake in die Oorvaalse gebied erg vertroebel het, en die onderwysers van Potchefstroom en Rustenburg sodanig daarin betrokke was dat hulle die Transvaal verlaat het, het meester Poen wat hom uit hierdie sake gehou het rustig met sy werk voortgegaan.[3] Maar dit lyk asof die laste van meester Poen se salaris spoedig te veel begin word het vir die Kerkraad, want onder datum 15 Julie 1857, lees ons in die Volksraadsnotule:

„Voorgekomen een memorie der Eerw. Kerkeraad met het verzoek om eene ondersteuning voor het salaris van den meester Poen, en zoo heeft den Edelen Raad besloten dit verzoek toe te staan, ten einde de opvoeding en het onderwys te bevorderen."[4]

Met behulp van 200 riksdalers van die Volksraad sou die Kerkraad die skool vir nog 'n jaar in stand hou, maar toe het die Kerkraad geweier om langer vir die onderwys te sorg. Struwelinge het ook hier die goeie werk ondermyn.[5]

In die notule van die uitvoerende Raad onder datum 20 Oktober 1858, art. 12, lees ons:

„In behandeling/.....

---

1. Worst, t.a.p., 18.
2. Van Zyl, t.a.p., 26.
3. Vgl. Hoofstuk V.
4. Aangehaal Lugtenburg, t.a.p., 58.
5. Lugtenburg, t.a.p., 58.

,, In behandeling genomen een kennisgeving en verzoekschrift van den Kerkenraad alhier in dato 13 September meldende de ontvangst van het bewys voor het tekortkomend salaris van meester Poen, en verder kennisgevende dat zy zich van verder bemoeiing over de school onttrokken hebben en de school als een private onderneming aan Mr. Poen overgelaten hebben - En verder dat zy Ed. als godsdiensonderwyzer en oefeninghouder toegekend hebben £22.10 's jaars, mitsgaders de gewone bydragen in koren en mielies, en verzoeken dat omreden de diensten door Mr. Poen aan de Maatschappy door het houden van godsdiensoefeningen bewezen, onbetwistbaar goed zyn, dat het de Volksraad behagen mochte om de helft van het tekortkomend salaris, na aftrek der vrywillige intekeninge inkomsten na het einde van het jaar wel te willen betalen. Besloten dit te doen tot er een vaste leeraar komt."[1)]

Die vroeëre kerkbeheerde en staatsondersteunde skool van meester Poen het nou 'n geheel private onderneming geword.

Intussen het die Kerkraad in 1854 besluit om die heer J. Lenting as huisonderwyser aan te stel met die duidelike voorwaarde: ,, zyn onderwys moet regt christelyk ingerigt en overeenkomstig onze Christelyke belydenis wezen."[2)] Dit wil voorkom asof die inhoud van die Van der Hoff-Reglement tog ook tot Lydenburg deurgedring het.

Onder al hierdie onrus en stryd het meester Poen moedig die Lydenburgers gedien as onderwyser en oefe-

naar/.....

---

1. Aangehaal deur Lugtenburg, t.a.p., 58.
2. Worst, t.a.p., 19.

naar. Weldra sou ook hy, omdat hy nie met die nuwe predikant van Lydenburg, Ds. A.P.C. van Heyningen, kon stryk nie, in 1859 afgedank word „als zynde onbekwam om deze post langer te bekleden."[1]

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 59.